

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 36.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

6 September 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENSTE VANDAG: Dr. Petrus Venter

Eerste diens: 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Efesiërs 1: 1- 14

Teks: **Efesiërs 1:3**

Sing- VOORAF SANG: Ps 20: 1,2,4,5

TYDENS EREDIENS: Ps 33 :1 ; Ps 98 :4 ;

Ps 18 :14,19 ; Sb 1-1 (24) : 1,7

**GOD HET SY KERK GEKIES, GERED EN GEMERK:
ONS MOET HOM EER**

Gekies deur die Vader

Gered deur die Seun

Gemerck deur die Gees

Leerprediking 18h00

(Regstreekse internet-uitsending)

Skriflesing: Mattheus 27:57 – 28:10

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 17**

Teks: Mattheus 28:6

Sing- Ps. 131:3

**WATTER NUT HET DIE OPSTANDING VAN
CHRISTUS VIR ONS?**

Die betekenis van die opstanding in hemelse
geweste?

Wat beteken die opstanding in aardse geweste?

Voorsang

Ps. 20 : 1,2,4,5

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps 33 :1

Geloofsbelijdenis van Nicea-Konstantinopel

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Eksodus 20 (1983-Vertl)

Sing: Ps. 98 :4

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 18:14,19

Skriflesing: Efesiërs 1: 1 - 14 (1983 Vertl)

Teks: Efesiërs 1:3

Preektema

**GOD HET SY KERK GEKIES, GERED EN
GEMERK: ONS MOET HOM EER**

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Sustentatie GKSA

Sing: Sb.1-1 (24) 1, 7

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 6 September 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Sustentasië GKSA**

Sondag: 13 September 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Thusofonds**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



Snap here to pay

SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Vandag – 6 September 2020: Wyk 8

- **Ouderling:** Br. Wolfie Reinecke
- **Diaken:** Br. Johan Reinecke
- **Wyksusters:** Sr. Kobie Reinecke
- Volgende week – 13 September 2020: Wyk 9
- **Ouderling:** Br. Ferreira Meyer
- **Diaken:** Br. Barend Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Estea Du Plessis

MEELEWING

- Br Jan Schoeman is Woensdag-aand oorlede. Sr Magdalena, hulle kinders, kleinkind, familie, geliefdes en vriende word die troos van die Heilige Gees toegebid. Ons as kerk gryp opnuut vas aan die troos van Sondag 1 en V/A 34 van die Kategismus in die wete hoe kosbaar hierdie belydenis vir ons almal is en waaraan br Jan ook in alle omstandighede aan vasgehou het. Sy gawes, toegewydheid en werklike omgee vir die Here se Kerk sal 'n blywende herinnering vir ons bly. Begrafnisreëlings sal later deurgegee word.
- Br Chris van der Merwe se gesondheid is ook onder druk. Ons dra hom op aan die Here se troue sorg. Op die stadium is dit goed onder beheer.
- Br Hanré Strauss en familie is ook in ons gebede. Ons is dankbaar om van beterskap by sy pa te hoor.
- Ons dink in ons gebede aan sr Christine Venter se broer wat baie ernstig siek is.

VERJAARSDAE

Saterdag	5 Sept	Tjaart Snyman
Sondag	6 Sept	Roelof Coetzee
Maandag	7 Sept	Jan Jnr Schoeman
Woensdag	9 Sept	Jaco Vorster

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons dink aan hierdie gemeente en vertrou as tye nog weer meer na normaal kan teruggaan ons hulp en konsulent bediening ook weer daar meer konkreet sal word. Daar is nog bepaalde uitdagings in die lig van die Corona-virus wat herbesin en nuut oor gedink sal moet word.

KERMIS

Die volgende groot datum is 2 Okt. 2020. Dit gaan eintlik die vorm aanneem van 'n mini-kermis. Daar gaan pannekoek, worsbroodjies, roosterkoeke, gebak en ander gebottelde produkte beskikbaar wees. Natuurlik ook weer met 'n heerlike steak-ete wat ons later die dag gaan aanbied. Rouvleis-verkope gaan deurlopend vanaf begin September plaasvind. Kontak asb. vir oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168) of dr. Petrus Venter 064 558 7204) vir aankope maar ook om ons vleis te help adverteer en te verkoop.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Ons versoek die Laerskool-ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weeksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan.

Hoërskool – kategeese sal voortaan plaasvind soos aan die ouers en ons katkisante deur WhatsApp ooreengekom. Daar word 'n les deur YouTube opgelaa; daar word ook vrae aan die les toegevoeg en Maandae moet die vrae skriftelik beantwoord wees dat opvolg van werk by volgende opname op Dinsdae ook gedoen kan word. Ons sal DV weer 15 Sept. hiermee voortgaan.

DORKAS- SUSTERS

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil net elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

Ons is dankbaar teenoor ons diakonie wat ook in die swaar tyd 'n groot bydrae tot die Ouetehuis kon maak ...

BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. **Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Ons sal DV weer op 14 September hiermee voorgaan. Ons kom dan by Hanna se gebed waar sy die Here vra dat Hy haar moet onthou.**

GLOmedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit. Kyk ook na roterende kennisgewingbord voor die erediens vandag begin ...

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dr. Venter is die maand ook weer 'n deelnemer op die program. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>. Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

KERKKANTOOR

Ons begin weer kyk na 2021 se kalender. Ons vra as daar enige inligting is wat jul as gemeente op die kalender wil byvoeg of enige veranderings en of voorstelle. Skakel asb. die kerkkantoor op Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 09:00 – 13:00

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV 18 Nov. 2020 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Kerkkantoor ure: Maandae, Woensdae en Vrydae 9h00 – 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	53
Bydrae: Sustentasië GKSA	R 955.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 1 489.50

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na

admin@gksa-postmasburg.co.za